# Leesstuk 2 Graad 4

Op 18 Julie 1918 is 'n klein Xhosa-seuntjie in die rustige dorpie Mvezo gebore. Sy naam was Rolihlahla Mandela. Hy het grootgeword in Qunu saam met sy ma Nosekeni, pa Gadla en susters Baliwe, Nothusile en ander. Rolihlahla het vee opgepas en saam met die seuns in die dorpie gespeel.

Hy het na die Metodiste-kerkskool gegaan toe hy 7 jaar oud was. Sy onderwyser het hom Nelson genoem. Na Graad 7 het hy koshuis toe gegaan tot hy Graad 12 geslaag het. Hy het studeer en 'n paar jaar later as 'n prokureur gekwalifiseer.

Mandela het by die ANC aangesluit en is gearresteer omdat hy geveg het vir vryheid en gelykheid vir alle Suid-Afrikaners. Hy is tronk toe gestuur op Robbeneiland. Na 27 jaar is hy vrygelaat.

In 1994 het hy die eerste demokraties verkose President van Suid-Afrika geword. Nelson Mandela was baie lief vir mense en veral vir kinders. Hy was bekend as Tata, wat 'Vader' beteken. Tata het as 'n held gesterf, op 5 Desember 2013, op die ouderdom van 95.